

Teks 1 **Leefstyl**

Braai-koninginne

Deur EMILE JOUBERT

- 1 Is dit moontlik dat vroue wel beter braaiers is as mans? Ja, dit is moontlik. Danksy my eie objektiewe waarnemings by verskeie geleenthede waar vroue hul pad tot langs die kole oopgeskouer het, is dit my mening dat die skoner geslag ál s het wat dit verg om mans ore aan te sit as dit by braai kom. En mag ons hierdie feit met die nederigheid aanvaar wat werklike manwees betaam.
- 2 Vir die halsstarrige mans wat weier om aan dié feit te dink – wat nog te sê aanvaar – hiermee 'n goed-nagevorste mening oor waarom vroue die braaikoninginne is.
- 3 Praat sê niks: Let op die manier waarop die vrou die braaivleis-ekskursie aanpak. Geen luidrugtige aansprake oor wat die gaste mag verwag nie. Geen krete van: "Jis, manne – kyk hier – hoe's daai nou vir 'n stuk steak, huh?" Of: "Hoor hier, almal – dis oom Cyril se skaaprib van Calvinia! Dis mos nou hoe 'n stuk vleis moet lyk. En ek gaan hom hóóg en stááádig braai, hoor."
- 4 Nee. Die vrou benader die braaiproses met 'n gemaklike rustigheid. Want braai is maar net een van die vele kosmaakmetodes wat sy al vir járe onder die knie het. Sy steek die vuur aan, organiseer die vleissoorte wat gebraai moet word en bestuur dan die braaiproses sonder enige luidrugtige aankondigings oor die betrokke vleissnitte of filosofiese uitlatings oor marinades. Stilte beteken selfvertroue. Luister net daarna.
- 5 Higiëne en gereedskap: Vir mans is 'n braaivuur ver verwyder van die kliniese beperkings van die gemiddelde kombuis. Om kos oor die vuur te maak is immers 'n herhaling van 'n oeroue en manlike prosedure wat vervolmaak is lank voor die uitvinding van die elektriese stoof, Magimix of mikrogolfoond.
- 6 Dus word die vorige naweek se vetterige rooster oor die vuur skoongebrand en met koerantpapier gegee voordat die tjops daarop gepak word. Kole wat vlamvat, word somer geblus deur die bierbottel uit jou mond te pluk en die skuimvoggies op die vuur te gooi. As die braaitang nie gevind kan word nie – wat baie maal die geval is – word ribbetjies somer met die hand omgedraai.
- 7 Nie wanneer die vrou aan die stuur van die braaisake is nie.
- 8 Die braaiplek word aan dieselfde standarde as haar kombuis gemeet. Als moet spiekeries en skoon en georden wees.

- 9 Die vrou beskou nie leë bierbottels en vuil pette as items wat karakter aan die braaiplek verleen nie. Sy sal dit nie durf waag om op 'n rooster te braai wat sy nie tot higiëniese vetvrye blinkheid geskrop het nie, iets wat mans maar net nie kan na-aap nie.
- 10 Met 'n rooster gepak met hoender, steak, wors, skaaprib en varktjops sal die vrou se georganiseerdheid sorg dat elke stuk vleis die korrekte aandag kry danksy die feit dat haar braaitange, -vurke en -bedruipe alles netjies byderhand is.
- 11 Vir die vrou behels die oplos van die netelige braaisituasie nie eenvoudig die gooi van 'n glas wyn oor die vleis en kole nie.
- 12 Maar die heel beste, die allerbeste: Vrouens is geneig om enigiemand met 'n braaivurk te beseer wat dit durf waag om 'n sigaretstompie op die braaikole te gooi. Waarom is dit net hulle wat besef dat Stuyvesant-sosaties onaanvaarbaar is?
- 13 Die tongtippies: Vandag se vrou het waarskynlik grootgeword in 'n omgewing waarin sy aan diverse geure en aromas in haar ma of ouma se kombuis blootgestel is. Die kans is dus uitstekend dat sy van vroeg af geleer het dat konfyt en polonie nie 'n geskikte toebroodjiekombinasie is nie, asook die feit dat vleis wat te lank gekook is, vaal en geurloos voorkom.
- 14 Aangesien mans te besig was om puisies uit te druk, was daar ongelukkig nie kans vir enige belangrike kulinêre lesse tydens hul jeugjare nie. Daarom word daar nog in baie gevalle maar 'n hoop-vir-die-beste-benadering gevolg wanneer gebraai word. In manskringe is dit ook 'n bekende feit dat die mislukte stuk braaivleis met nog 'n dop reggestel kan word.
- 15 Die mans sien braai as 'n sosiale geleentheid en 'n beklemtoning van hul veelsydigheid. Vir die vrou is dit maar net nóg 'n manier om goeie kos te berei.
- 16 Ons sal ons sokkies moet optrek. Ons sal moet leer. En bowenal sal ons moet kyk. Sit dus rustig agteroor en kyk hoe vroue die braaiwerk doen. Jy is immers nooit te oud om te leer nie.

Emile Joubert is 'n woordvoerder vir Braai4Heritage en 'n voormalige deelnemer aan internasionale braaikompetisies. Hy is boonop 'n man.

[Uit: *Die Burger* 20 Januarie 2009]

Teks 2 Spotprent



[Uit: Beeld Oktober 2008]

Teks 3 Opsomming

Oorleef universiteits- of technikonagmerrie met vlieënde vaandels Deur LEONIE PRINSLOO

Is jy opgewonde oor die universiteit of technikon wat volgende jaar begin of is een van jou grootste begeertes 'n nimmer-eindigende vakansie met geen bekommernisse nie? Die keuse oor die manier waarop die nuwe studiejaar gaan uitdraai, bly steeds binne jou beheer. Hieronder volg *JIP* se topwenke tot 'n suksesvolle studiejaar.

Liasseer jou verskillende vakke se notas en opsommings in aparte lêers met skeidings tussen die verskillende afdelings van die spesifieke vak om jou werk op datum te hou. Hou altyd 'n kalender of beplanner byderhand om jou klaswerk en toetsdatums sowel as buitemuurse bedrywighede en sosiale geleenthede aan te teken.

Beplan vroegtydig hoeveel tyd vir 'n spesifieke projek benodig sal word en moenie tot op die laaste nippertjie wag nie. Beplan daaglikse studietyd en besluit hoeveel tyd jy aan elke vak in een studiesessie sal afstaan na aanleiding van die werk of navorsing wat dit behels. Dit sal jou stresvlakke verminder en jou help om goed voorbereid vir eksamens, toetse en ander verpligtinge te wees.

Raak betrokke by die universiteit (en jou koshuis) se aktiwiteite deur sosiale funksies soos danse, konserte en uitstappies of joolaktiwiteite by te woon. Dit sal jou verhoudings met jou medestudente en dosente verbeter en 'n gevoel van eenheid skep waarin jy meer tuis sal voel.

Die grootste geskenk wat jy vir jouself en jou ouers kan gee is om 'n pligsgetroue student te wees wat jou toekoms eerste stel. Studeer in kort intervalle van 15 minute elk en gebruik doelgerigte studiemetodes om die werk langer te kan onthou. Begin ten minste drie tot sewe dae voor die tyd vir toetse leer en onthou om kalm voor 'n toets te bly, want angstigheids kan al jou kennis binne enkele oomblikke vernietig. Eksamens verwag langtermyn voorbereiding, aangesien die werk net soveel meer is as op skool.

Die beste manier om fiks en gesond te bly ten spyte van al die werk, is om aan 'n sportsoort deel te neem. Die spanbou en spangees vorm die kern van die aksie wat jou sal help om ook baie vriende te maak en 'n stomende sosiale lewe te kan hê. Onthou, 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees en 'n gesonde brein.

Vriende of vyande? Die vraag is die grootste probleem van enige student wat graag baie gewild wil wees en hope vriende wil hê, maar tog kan jou grootste vyand in jou naaste vriend skuil. Probeer om met almal vriende te wees deur enigeen te groet selfs al ken jy hulle nie en deur nie skaam te wees wanneer jy nuwe mense ontmoet nie. As jy in 'n vaste verhouding staan, moenie vergeet dat jy steeds 'n groter vriendekring gaan nodig kry as net jou vriend of vriendin nie. Studente mis dikwels al die plesier van hierdie sorgvrye tyd omdat hulle net op een verhouding gefokus het.

Sê nee vir versoekings deur voorstelle van jou vriende te weier wat jou ongemaklik laat voel en moenie toelaat dat die groep jou intimideer deur hul siening van rook, drank, dwelms, seks en partytjies wat hulle op jou wil afdwing nie. Onthou, jou ouers is nie altyd daar om 'n ogie oor jou te hou nie, maar jy moet hulle steeds oortuig dat jy *onafhanklik* kan optree en jy uiteindelik sal beseft dat hulle jou met meer as net jou studies kan vertrou.

Die belangrikste oorlewingstegniek is om getrou aan jouself te bly, aangesien tersiêre onderwys – wat bekend is as die ideale plek om jouself te verloor – jou sal insluk indien jy ander probeer navolg om in te pas. Wees oorspronklik deur jou eie uniekheid en styl te ontdek om te verseker dat niemand jou sal kan vergeet nie. Die enigste persoon wat jy moet navolg vir hulp oor hoe om jou merk te kan maak, is jysef.

[Verwerk uit: *Die Burger Jip* Maandag 19 Januarie 2009]

Teks 4

SO RED ONS DIE SEE

A, uiteindelik!
Desembervakansie. Vir baie
van ons is dit sinoniem met
lekker-by-die-see. **Minette
Brink** het gaan vis vir 'n
vakansie met 'n verskil.

SKOON STRANDE (BLOUVLAG-STRANDE)

- 1 **Wees die persoon** wat gesorg het dat die wêreldwye gesogte blou vlag ook op jóú gunstelingstrand wapper en bly wapper.
- 2 Blouvlag-status word aan strande en marinas toegeken op grond van watergehalte, omgewingsleer, -bewustheid en inligting, sowel as veiligheid en dienste, wat topklaslewensreddingstandaarde, voldoende veilige parkering en skitterskoon ablusiegeriewe insluit.
- 3 Frankryk het in 1985 met dié inisiatief begin en sedertdien het die organisasie blou vlage op meer as 2 600 strande en 600 marinas wêreldwyd 'geplant'.
- 4 Die status word net vir een jaar of seisoen toegeken. Daarna moet 'n strand weer aansoek doen. En 'n strand se vlag kan baie vinnig gestryk word as hy nie op sy (groen-blou) tone bly nie.
- 5 Op dié manier word besoekers verseker dat daar deurlopend aan die streng vereistes voldoen word.
- 6 Plaaslik word die inisiatief bestuur deur die Suid-Afrikaanse Natuurliewevereniging (Wessa, wat ook die Adopt a Beach- en Seeskilpad-projekte bedryf), in samewerking met die Departement van Omgewingsake en Toerisme.
- 7 Die direkteur van Wessa prof. Willie de Bruin sê, 'Blouvlag-status beteken 'n toename in toeristegetalle, beter gedrag deur strandbesoekers en 'n toename in huispryse naby hierdie strande.'
- 8 Dit verseker natuurlik ook die genot van besoekers wat op goedversorgde en beheerde strande speel.
- 9 Een-en-twintig strande het vir die huidige seisoen (2008 – '09) om blouvlag-status aansoek gedoen.
- 10 **Besoek www.blueflag.org of www.wessa.co.za vir wenke en meer inligting oor hoe jy betrokke kan raak.**

[Verwerk uit: *Mooiloop* Desember 2008]

Teks 5 Advertensie

Ontmoet die Romanys.

Only the
Bakersman
can



Bakers Romany Creams stel graag die nuwe lede in hul familie van beskuitjies en bederfies bekend:
Balls, Cookies, Tartes, Double Choc en Vanilla.
Elkeen is 'n bietjie anders, maar hulle is en bly vir altyd Romanys.

Opky 1HB17121/A/R